

6 Oktober

Johannes 3:1-21 (3:5,6)

Sonder wedergeboorte maak niks sin nie

Dis 'n rustelose Nikodemus wat op sy nagbesoek by Jesus kom.

Die Fariseërgeloof het duidelik leemtes gelaat in sy hart. Dié geloof het geleer dat elkeen onsterflik is en verantwoording sal doen vir sy dade. Jy moes dus 'n hoë morele kode nastreef. Onder die Fariseërs was daar dan ook manne van hoë morele statuur; Manne soos Gamaliël, Josefus en Paulus. Maar daar was ook manne soos Nikodemus. Mense wat soekende gebly het.

Vir die Fariseërs het godsdiens bloot 'n reeks moets en moenies geword. Verlossing afhanklik van menslike prestasie. Die hart bly leeg. Vandaar Nikodemus se onvergenoegdheid.

As Jesus met Nikodemus praat oor die geloof, wat rus bring diep binne-in jou, verduidelik Hy: Geloof ontstaan waar die Here ingryp deur sy Gees.

Om die koningryk van God te sien, moet ons weer gebore word. Van wortel uit moet die Here ons nuut maak.

Jesus het ons nie 'n paar nuwe wette kom leer nie. Hy het die wet se diepste betekenis kom openbaar. Hy en Hy alleen is in staat om die wette op ons hart te kom skrywe.

God moet iets nuuts in ons laat gebore word deur sy Gees.

Waar die wedergeboorte plaasvind, is daar geloof in die Seun. As geloof posvat, word die menslik onmoontlike deur God gedoen.

Die Woord sê: "Aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word".

Hierdie geboorte deur die Heilige Gees het sy oorsprong nie op aarde nie maar in die hemel. Vlees is vlees. Aardse oorspronge bly aan die aarde gekluister. Iets met 'n hemelse oorsprong moet van ons besit neem. Wat uit die Gees gebore is, is Gees. Het u deel aan hierdie wedergeboorte? As u dit nog nie ken nie moet u die Here Jesus biddend opsoek. Anders gaan u godsdiens leeg bly.

Ds. K.A.J. van Rensburg (Kaapstad)